1 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 4**

Verwaandheid oordeel voortydig

Vir ‘n vierde keer is dit die onderwerp van ons oordenking. Dit is só belangrik dat die evangelie én sy draers eenvoudig, geestelik en onopgesmuk moet wees. Dit is moeilik, trouens selfs onmoontlik vir ‘n verwaande mens om dit te aanvaar. Ons oordeel al te maklik oor die “agterlikheid” van ander, veral oor die tekortkominge van ‘n leraar. En wás die Korintiërs nie gesteld op uiterlikhede nie! Dit is tipies van handelaars in ‘n hawestad, meen Calvyn: gewoond om op die mooi voorkoms van handelsware te let.

Paulus-hulle het dié “handelaarstoets” nié geslaag nie. Hoe skerp is sy sarkasme (verse 6-8) en hoe snydend sy beskrywing van die “skouspel” wat betroubare, nederige en leraars vir verwaande, grootdoenerige gelowiges is… (verse 19-13). Hy wéét hulle hoef nie die voortydige toets van wêreldse gelowiges te slaag nie, want die Here sal die ware oordeel vel wanneer Hy kom (vers 5).

Hoe sal jy en jou dominee asook jou diaken en ouderling beoordeel word wanneer Jesus kom? Jesus kom? Daardie “skouspel” waarvoor jy jou dalk so skaam is mos hoe Jesus op aarde geleef het: ‘n eenvoudige leefstyl, harde hande-arbeid, seën in antwoord op skelwoorde, verdraagsaamheid onder vervolging, vriendelikheid ten spyte van belediging.

Toe Hy aan die kruis gehang het, was Hy gereken as die uitvaagsel van die wêreld, die skuim van die samelewing … om jou te red van verdoemenis. Hy is die voorbeeld wat Paulus nagevolg het en waartoe Hy jou en my ook oproep (vers 16).

Sing: Skrifberyming 7:2 (mel Psalm 18) Ds J Botha (Laeveld)